

Sorg dat jou wonde in littekens verander

Daar is 'n verskil tussen 'n wond en 'n litteken. 'n Wond vertel van 'n vars besering. 'n Litteken vertel van 'n wond wat genees het. Almal van ons het littekens. Ten minste vertel dit dat ons die lewe geleef het, maar dat die lewe ons nog nie opgeleef het nie. Tog loop 'n paar mense steeds tussen ons rond met oop wonde. Hulle wil nie hê hulle bitterheid teenoor iemand anders moet gesond word nie. Of hulle ongelukkigheid met een of ander werk of kerk nie. Oor en oor vertel hulle vir elkeen wat wil luister hoe diep seergemaak hulle steeds is. Om so met seerkry en interne pyn om te gaan, is om te keer dat dit verander vanaf wonde na littekens. As ons gesond wil leef voor God en tussen ander mense, moet ons leer om ons bitterheid en woede en goor gedagtes te laat vaar. Dit begin wanneer ons aanhoudend ons fokus verskuif na God toe. Ons moenie boekhou van die kwaad nie. Ons moet weet en glo ons is nie lewenslange slagoffers van diegene wat ons seergemaak het nie. Of wat steeds probeer om dit te doen nie. Om sulke woede te laat vaar maak ons vry in die Here.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- *Bid vir Lottie Conradie & familie, sy kry baie swaar.
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
- *Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
- *Bid vir oom Brummer (Erika se pa) vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Myrtle Mans se ma-vir volle herstel na operasie
- *Bid vir T-Nollie-het 'n oog operasie gehad vir volle herstel
- *Bid vir Johan Dettmann-het 'n operasie gehad
- *Bid vir Jan-Harem Pretorius vir volle herstel
- *Bid vir Gerhard Dewinnaar-bid vir volle herstel na glistene
- *Bid vir Tannie Bets – vir herstel na nierstene
- *Bid vir Pieter Vioght–het hartaanval gehad–vir volle herstel
- *Bid vir Jaap Naude vir volle herstel
- *Bid vir Carel Olsen vir volle herstel



Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



God is nie net goed
wanneer dit goed
gaan nie.
God is altyd goed.

W. J. van der Merwe

vaksamerdaas

Gedagte vir die week

